
VOLUME 14

DESEMBER 2021

# NUUSBRIEF



**IN HIERDIE UITGAWE:**

- Netwerk Bestuur
- Sjordè!
- ATKV Pluimpies
- Vories gaan groot!
- En vele meer…!

# INHOUDSOPGAWE


Welkom ........................................................................ 3

Meer oor Netwerk .................................................................... 3

Vriende van Netwerk ................................................................. 4

Werkbank ...................................................................................... 5

Sakegids ........................................................................................ 5

Netwerk Bestuur ........................................................................ 6

Prestige Kultuurtoekennings ..................................... 7

Die Sjordè-oes was groots! ....................................... 8

Woestynpsalm ............................................................................ 10

Geestelike boodskap ................................................................ 11

ATKB / Duine-Oord ..................................................................... 12

ATKV Pluimpies .......................................................................... 13

ATKV Idiomestryd ..................................................................... 16

Jukskei Geskiedenis .................................................................. 17

Vories gaan groot vir renosters ............................................ 18

Die Namib Skryf ......................................................................... 20

Idioom ............................................................................................ 21


Taalwenk ........................................................................................ 21

Resep ............................................................................................... 22

Kalender: Geloftedag ................................................................ 23

Geloftefeeste: Namibië ........................................................... 24

# WELKOM



Die jaar is byna op sy rug. En die meeste van ons ook! Dit was 'n jaar wat ons menswees tot die uiterste beproef het, wat folterende pyn en geweldige hartseer gebring het. Heelwat aktiwiteite is ingeperk wat gelei het tot groot frustrasies en ekonomiese verliese.

Hierdie Kersfees gaan vir baie families nie dieselfde wees nie, met gesigte wat kort om die tafel en in die foto's. Mag jy in hierdie feestyd tot rus kom en stil raak, en met kosbare herinneringe dink aan die mense wat ons verloor het.

Wat duidelik is in hierdie nuusbrief, is dat Afrikaans LEWE met 'n baie sterk hartklop! Kontak ons gerus as jy wil betrokke raak by enige van die organisasies.

'n Reuse dankie aan Susan Alexander wat help met die taalkundige versorging van ons nuusbriewe.

Deel asseblief hierdie nuusbrief met ander Afrikaans-sprekendes om Afrikaans 'n luider stem te gee in Namibië.

*Navrae: admin@netwerk-na.org*

# MEER OOR NETWERK

AARD EN GRONDSLAG
Netwerk is 'n onafhanklike, nie-politiese, vrywillige, Christelike Afrikaanse organisasie. Die grondslag van die organisasie is die Bybel as die Woord van God en dus rigtinggewend vir die hele lewe.

DOELSTELLINGS
Om verskillende organisasies, instansies en individue, wat hulle beywer vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur, met mekaar te laat "netwerk".

Besoek ons webblad vir meer inligting, www.netwerk-na.org

NETWERK

# VRIENDE VAN NETWERK




Ons bied professionele dienste in dorps- en streeksbeplanning, omgewingsbestuur en groen geboue, asook advies en produkte in die water- en afvalwaterbehandelingsbedryf.




Seun Kesslau Insurance Brokers is meer as net jou gewone korttermynversekeringsadviseur, ons is 'n familie. Of jy nou op soek is na versekering vir jou familie of jou besigheid, ons bied uitsonderlike advies. Kontak ons vandag vir 'n geen-verpligting vergadering om meer te leer oor hoe ons jou kan help om die dinge wat vir jou belangrik is, te beskerm.

**Raak ‘n VRIEND VAN NETWERK en ons plaas jou besigheidsembleem hier!**

# WERKBANK




"Werkbank" is daarop gerig om werkgewers en werksoekers bymekaar te bring deur middel van die Netwerk webblad, www.netwerk-na.org, in Afrikaans. Werkgewers registreer eenmalig en kan daarna vakatures op die Werkbank adverteer. Advertensies kan in Engels gestuur word, maar alle korrespondensie word in Afrikaans gevoer. Skakels na die vakante poste sal gereeld gedeel word op Netwerk se Facebook-blad. CV's kan ook ingedien word en besonderhede sal op die webblad geplaas word, sonder die persoonlike besonderhede, om individue se inligting en privaatheid te beskerm.

# SAKEGIDS




Die Netwerk Sakegids bied 'n platform vir besighede wat diens lewer in Afrikaans, om 'n unieke teikenmark te bereik.

Adverteer jou besigheid in die Sakegids teen slegs N$150. Plasings word gedoen op die webblad, www.netwerk-na.org, asook op Netwerk se sosiale media platforms.

**Kontak admin@netwerk-na.org vir enige navrae.**

# NETWERK KIES NUWE BESTUURSLEDE

Tydens die Algemene Jaarvergadering van Netwerk in Augustus vanjaar, is drie nuwe bestuurslede verkies.

Victor Boshoff is 'n bekende in sakekringe in Namibië, as huidige besturende direkteur van NEO Paints. Hierdie boorling van Windhoek het sy studies in Politieke Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria voltooi, asook 'n MBA-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy rede om homself verkiesbaar te stel vir die Netwerk-bestuur, is om sy passie vir samewerking uit te leef, om sodoende iets positiefs te bewerkstellig.

Nog 'n nuwe bestuurslid is Brand van Zyl, 'n deskundige op die gebied van stadsbeplanning en omgewingsbewaring, en veral die bestuur en herwinning van water en afvalwater by Urban Green. Dié gebore Aranosser en oud-Kovsie wil 'n bydrae en verskil maak in die huidige bestaan en toekomstige voortbestaan van sy geliefde moedertaal, wat ook die kern van Netwerk is.

As een van die stigterslede van Netwerk is dr. Callie Opperman geen onbekende in die organisasie nie – sy huidige betrokkenheid is slegs amptelik gemaak as verkose bestuurslid. Saam met die aanvanklike bestuur, was hy betrokke by heelwat gebeure in die Afrikaanse kultuurkringe, bv. hulp met die totstandkoming van Afrikaanse privaatskole in Namibië en die bou van die Erfdeel Kultuursentrum in Windhoek om te verseker dat ons erfenis bewaar word. As emeritus-predikant is hy ook die verteenwoordiger van Netwerk by die kus. Wanneer hierdie geseënde oupa nie met sy 8 kleinkinders tyd spandeer of saam met sy vrou, Rina, fietsry in Swakopmund nie, wil hy by Netwerk sy passie en roeping uitleef om die Afrikaner se taal en kultuur te bewaar en te bevorder. Hy wil ook graag leiding gee om verskillende rolspelers wat hulle beywer vir dieselfde saak in Namibië en Suid-Afrika te laat saamwerk.

Philippus Tromp is herverkies tot voorsitter van Netwerk vir die volgende 2 jaar. Die bestuur van Netwerk bestaan uit die volgende lede:

- Philippus Tromp (Voorsitter)
- Gerard Tromp
- Wilmar Fourie
- Christie Horn
- Barnie van der Walt
- Brand van Zyl
- Victor Boshoff
- Dr. Callie Opperman

Elizma Theron, uitvoerende beampte van Netwerk, is van mening dat hierdie bestuur bestaan uit lede van die Afrikaanse gemeenskap met onkreukbare waardes en integriteit, en heelwat vertroue inboesem. Die bestuur is 'n groep vrywilligers wat almal 'n passie het vir die Afrikaanse taal en kultuur, dus kan ondersteuners van die organisasie gerus voel dat daar na hulle taal en herkoms se toekoms omgesien word.


Victor Boshoff


Brand van Zyl


Dr. Callie Opperman

# PRESTIGE KULTUURTOEKENNINGS

Netwerk gee graag erkenning aan diegene in die gemeenskap wat 'n verskil maak vir Afrikaans en sy mense, en het op 21 September 2021 'n Prestige Kultuurtoekenning in memoriam aan Denése Tromp oorhandig vir haar eggenoot, wyle Nico Tromp. Sy afsterwe op 27 Junie 2021 was 'n groot skok vir almal wie se lewens hy aangeraak het. Sy legende sal egter bly voortleef in dié wat agterbly.



Nico Tromp sal spesiaal by Netwerk onthou word as een van die stigterslede en voormalige voorsitter van hierdie organisasie. Sy passie vir die taal en die mense is hierdeur prakties uitgevoer, en dis ons plig en voorreg om met ywer voort te werk aan sy belangrike taak. Sy seun, Philippus Tromp, is die huidige voorsitter van Netwerk.

Behalwe vir al sy prestasies en sukses in besigheid, was hy ook bekend vir sy liefde vir sy taal en kultuur. Hy kon almal vermaak met sy staaltjies en het altyd beïndruk met sy kennis van die geskiedenis.

Nico Tromp was die eerste Presidentsverkenner van Die Voortrekkers in Namibië. Hy dien as konsultant en finansiële adviseur van Die Voortrekkers in Namibië en ontvang die Orde van Vriend van Die Voortrekkers. Met behulp van sy strategiese leiding en finansiële kundigheid het Voortrekkerbates soos Trekkersbron vir Afrikanerkinders behoue gebly. In September 2013 is hy eenparig deur die Hoofbestuur van Die Voortrekkers in Suid-Afrika aangewys as Hoofbeskermheer van Die Voortrekkerbeweging in Suid-Afrika en Namibië.

Op 9 September 2021 is 'n Prestige Kultuurtoekenning ook in memoriam aan Elmine McCarthy oorhandig vir haar eggenoot, wyle Henry McCarthy.

Henry McCarthy het passievol geleef vir onderwys en sy voorkeur vir moedertaalonderrig en sy liefde vir sy eie taal en kultuur was onlosmaaklik deel van sy lewe. Sy dryfkrag en positiewe ingesteldheid vir vernuwing en groei in die Afrikaanse taal en kultuur vir die jeug, laat 'n leemte in die lewens van almal wat hom geken het.




# DIE SJORDÈ-OES WAS GROOTS

'n 2021 Sjordè-hoogtepunt was die **Oop Mikrofoon** op Donderdag, 4 November by De Kayak. Dit was 'n aand om die honger na drama behoorlik te voed en om die skitter van Namibiese kunstenaars in te drink.

Onder die tema, *Gryp die dag*, was die oes groots!

'n Voorloper tot al die sielevoedsel was 'n uitnodiging tot deelname – die voorlees van jou eie gedig of iemand anders s'n asook om musiek te kom maak – asook 'n keurings-proses en daarom kon die gehoor hulle verlustig in 'n Tielman Neethling wat tweede gekom het in Voice of Namibia Kidz, 'n Marelee Ferreira wat met 'n monoloog van Du Toit Albertze aan ATKV digitoneel deelgeneem het en goud gekry asook met die stuk by Dramaweb SA Gr. 8 – 10 gewen het, 'n Bonnic Niewoudt wat spesiaal die matriek-eksamen eenkant toe geskuif het vir onderskeidelik 'n Elvis Blue en Karin Zoid lied, andersoortige musiek wat deur 'n op-komende jeugorkes met die sappige naam, Waatlemoen, verskaf is en 'n Sanet Lambrechts wat professionele kleur aan die aand gegee het.



*V.l.n.r.: Hester Pretorius, Louis Conradie en Marsofine Krynauw*

Verdere luisterrykheid is gedra deur 'n opwindende verskeidenheid van verse. ATKV-gedigte wenners asook ander Namibiese digters het hul gedigte voorgelees of dit is voorgelees. Daar is selfs 'n aangrypende hartsgedig van die nuusman, Freek Robinson, voorgelees.



Professor Andree-Jeanne Tötemeyer se kinderverse uit haar nuutste bundel, "*Kaalvoet in die reën en ander verse vir kinders*" het 'n spesiale sprankel aan die aand gegee. Nie net het die waarderende gehoor haar humoristiese voordrag geniet nie, maar ook die weergawe van die kranige spreekkoor van die gr. 6- en 7-leerders van Na/a'ankusê. Laasgenoemde het van die kinderverse prettig ritmies voorgedra en het ook oor Na/a'ankusê gesing en húlle weergawe van *The blessing Namibia* gebied.

Professor Tötemeyer het vanjaar 'n klankopname gemaak van 'n keur van 52 gedigte uit die 147 kindergedigte in haar bundel. Daar is nie net 'n opname van haar voordrag gemaak nie, maar ook drie sangopnames: 'n Afrikaanse, Engelse en Duitse weergawe van die toonsetting van die gedig, "*Kaalvoet in die reën*". Die Afrikaanse weergawe is ook die Donderdagaand voorgespeel.

# DIE SJORDÈ-OES WAS GROOTS (volg)



*Marelee Ferreira met "Die drie dansende wolke"*

Die program is uit twee dele onder die tema *Gryp die dag* saamgestel. In die eerste deel, *Die belofte van Droom*, het al die ge-oeste deelnemers opgetree. Die tweede deel is gestruktureer met gedigte uit die bundel *Land onder woorde*, nl. onder subtemas: *Die dag se Opstaan, In die dag se Belofte-loop* asook *In die dag se Afloop*.



*Die spreekkoor van die gr. 6- en 7-leerders van Na/a'ankusê*

*Land onder woorde* is 'n uitvloeisel van die eerste skryfkompetisie wat Windhoek Woordfees in 2019 van stapel gestuur het. Dit is saamgestel deur dr. Chrisna Beuke-Muir, voorsitter van Windhoek Woordfees en sy het daarmee die toekenning van Cordis Trust, nl. Die Orde van die Byteltjie ontvang. Dit staan vir volgehoue werk aan 'n spesifieke area van Afrikaanse woordkuns. Prof Andree-Jeanne Tötemeyer en Emmie Bedeker is as die wenners aangewys in die gedigte- en die kortverhaalkategorie onderskeidelik. Albei was die aand van die Sjordè teenwoordig.



*Sanet Lambrechts met 'n hoendervleis-mooi weergawe van "Tula Sana"*

Hoewel die Windhoek Woordfees besluit het om vanjaar kleiner, meer gereelde en plaaslike produksies aan te bied, het die beplanning vir 2022 reeds begin om gewilde Suid-Afrikaanse produksies na Namibië te bring. Ons hoop Covid-19 gedra hom!

Henriëtte van Wyk

*Met groot dank aan die borge: FirstRand Foundation Nambia en Maerua Superspar.*

# WOESTYNPSALM

Ons wil graag al ons ondersteuners op datum bring met ons vordering met betrekking tot Woestynpsalm.

Aanvanklik het ons verwag dat die film se vrylating iewers in die laaste kwartaal van 2021 sal gebeur, maar met 'n klein span en beperkte fondse is hierdie dinge geneig om 'n bietjie langer te neem.

Nadat ons klaar geskiet het, het almal na hulle tuislande teruggekeer, hetsy dit Suid-Afrika, Nederland of die Verenigde State is. Dit was 'n baie lonende, maar uitdagende produksietydperk waarna ons ‘n kans nodig gehad het om asem te skep.

Ons is trots om aan te kondig dat na-produksie in September begin het! As gevolg van die beskikbaarheid van ons na-produksie-span en om te verseker dat ons 100% tevrede is met ons eindproduk, stel ons die film se vrylating uit na die tweede kwartaal van 2022.

Ons is baie dankbaar vir die ondersteuning van regoor die wêreld. Ons sal voortgaan om jou op hoogte te hou met ons vordering en ons hoop jy is so opgewonde soos ons oor die première.

Vriendelike groete

Ben en die Woestynpsalm-span



# GEESTELIKE BOODSKAP

**ALLES TOT EER VAN GOD – SOLI DEO GLORIA**

*Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.*

*ROMEINE 11:36*

**Wat is die hoogste doel van ons lewe?**

Sommige sal sê: Om goeie dinge te doen. Ander sal sê: Om lief te hê. Of om ‘n sukses van my lewe te maak. Of om al my talente goed te gebruik.

Dit is alles mooi en goeie dinge, maar dit kom nog nie by die hoogste doel van ons lewe nie. Johannes Calvyn se Geneefse Kategismus vra: “Wat is die hoofdoel van menslike lewe? Die antwoord: Dat mense God moet ken deur wie hulle geskape is. Maar waarom dan? Omdat Hy ons geskape het, en op aarde geplaas het, sodat Hy in ons verheerlik word. En dit is sekerlik gepas dat ons lewe, waarvan Hy die begin is, gerig word op sy eer.”

Leef tot eer van God! Dit is ons hoogste lewensdoel. “Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.” ROMEINE 11:36. Al verstaan ons nie God se weë met die mensdom nie, of het ons nie volle begrip van sy raadsplan vir die verlossing van mense nie, is daar een saak wat vas staan. Alles kom uit Hom. Alles is tot Hom. Daarom behoort die heerlikheid vir altyd aan Hom!

Ons leef in onstuimige tye. Natuurrampe van geweldige omvang vind plaas met droogtes, oorstromings, hoogste en laagste temperature ooit. Internasionale berade vind plaas oor aardverwarming as bedreiging van ons bestaan op aarde. Die nasies woel, gewelddadige optrede is ’n teken van ‘n gefrustreerde gemeenskap.

En te midde van alles behoort ons onsself af te vra:

Wat is my doel op aarde? Waarvoor leef ek? Waarom is ek hier waar ek is?

Daarop antwoord die Here ons in sy Woord: Ons moet bo alles die eer van God bevorder. Hy is ons oorsprong, die Skepper van die heelal, uit Hom kom al die nasies, aan Hom moet ons rekenskap gee oor ons optrede. Wie die eer van mense of die belange van die natuur of ‘n politieke ideologie of selfs jou eie behoud bo die verheerliking van God stel, mis die doel van sy bestaan.

Ons gebede moet eerstens gaan oor God se koninkryk. Ons dade moet bepaal word deur wat vir Hom reg is; ons verhoudinge deur ons onderdanigheid aan Hom. Ons liefde vir ons naaste word gerig deur ons liefde vir Hom. My doelwitte vir my gesin, my beroep of my gemeenskapsdiens moet die verheerliking van God voorop stel.

Dan is my lewensrigting seker. Dan kan ek blydskap vind in alles wat ek doen en ervaar.

VOORBIDDING

Ons Vader, leer ons om u leiding te verstaan en te gehoorsaam. Daarin lê die grootste vreugde. Amen.

*Dr Callie Opperman*

*(Redakteur – Deo Gloria Kuberbrief)*

*Emerituspredikant - Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid*

# ATKB / DUINE-OORD

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB) is ‘n Namibies-geregistreerde, nie-winsgewende organisasie met die doelstelling om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder.

Die ATKB beskik oor ’n vakansieoord, Duine-Oord, in Swakopmund met sewe verhuurbare wooneenhede wat ten volle toegerus is. Lede van die ATKB kan teen slegs 60% van die normale tarief daar tuisgaan en sommer hulle vakansie by die see geniet.

Die huidige tariewe vir nie-lede beloop as volg:

• Binne-seisoen: N$1,300-00 per dag

• Buite-seisoen: N$1,000-00 per dag

**Vir ATKB-lede word ‘n 40%-korting toegestaan op genoemde tariewe.** Die tariewe sluit nie BTW en die toerismeheffing in nie.

Om lidmaatskap te bekom, kan Henriette van der Merwe by Duine-Oord gekontak word by telefoonnommer 081 272 7590.

Spesiale aanbiedinge is beskikbaar op aansluitingspakkette vir diegene van ouderdom 30 jaar en jonger:

• As jou ouers ‘n lid is van die ATKB, is jy vrygestel van die aansluitingsfooi van N$2,500 en betaal jy net die ledegeld van N$1,000 per jaar.

• As jou ouers nie ‘n lid is van die ATKB nie, is die aansluitingfooi 50% van die normale fooi m.a.w. N$1,250 en nie N$2,500 nie. Die ledegeld van N$1,000 moet jaarliks betaal word.

Tydens die pas afgelope jaarvergadering is die volgende persone verkies tot die bestuur:

- Besturende Direkteur -
  Christie Horn 081 129 5515
- Direkteur: Administrasie -
  Marlene Louwrens 081 122 0011
- Direkteur: Nuwe Projekte -
  Johan Louwrens 081 128 0700
- Direkteur: Bemarking -
  Bernd Ahrens 085 522 6866
- Direkteur: Onderhoud -
  John Human 085 124 0900
- Duine-Oord Opsigter -
  Henriette vd Merwe 081 272 7590

Indien enige persoon navrae het oor die ATKB of die Oord in Swakopmund, skakel ons gerus by enige van bogenoemde nommers.

Die ATKB gebruik Duine-Oord vir die uitsluitlike doel om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder. Nuwe projekte word vir die nabye toekoms beplan ter ondersteuning van ons taal.



# ATKV PLUIMPIES

**ATKV vier 25ste jaar van Pluimpies**

Die jaarlikse Bank Windhoek ATKV Pluimpie-toekenningsaand het vanjaar op 24 September plaasgevind. Dié geleentheid is vanjaar vir die 25ste keer aangebied. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) bied hiermee erkenning aan diegene wat 'n beduidende bydrae tot Afrikaans maak.

Die wenners van hierdie jaar se toekennings is soos volg:

**Veertjies (Hoogste toekenning):**

- Andree-Jeanne Tötemeyer – Poësie (*Kaalvoet in die reën*)
- Anne-Marie Walters – Skrywer (*Die koninkryk van Silpergo en die Leeu en Tarda*)

Ook genomineer:

- Pro-Ed Akademie Privaatskool (25 Jaar)
- Keetmanshoop Privaatskool (25 Jaar)
- Hendrik en Leoni van Rensburg - ATKV (25 Jaar)
- Privaatskool Moria (30 Jaar)

**Pluimpies (Vir bydraes van uitstaande gehalte):**

- Louis Conradie – Poësie (*Sal ons* en *Die son het geskuif*)
- Jolene Nell – Poësie (*Verlossingsreën*; *Geliefde Namib* en *Dit is U*)
- Hester Steenkamp – Poësie (Prosa-tekste)
- Didi Kruger – Prosa (*Ontwikkeling van kommunikasie*)
- Corina Becker – Prosa (*Sy dorsland* – in kortverhaal en vinjet)
- Jurie Viljoen – Prosa (*Gemsbok met die oorbel*)
- Sarel du Toit – Musiek (*Kaalvoetseun* en *Stofpad*)
- Koster Cronje – Lirieke (*As die wêreld stil word om my*)

Ook genomineer:

- Jessica Thomas – Omroeper (15 jaar)
- Anita Naude – ATKV Idiomestryd (15 Jaar)
- Charlie en Ansa Ellis – ATKV (15 Jaar)

**Donsies (Vir nuwe ontluikende talent):**

- Marlene Erasmus – Poësie (*Vryval – 'n keur van gedigte*)
- Epenetus (Penny) du Toit – Poësie (*Oom Niekie se stoep*)
- Marsofine Krynauw – Poësie (*Wind*)
- Anton C H du Preez – Poësie (*Hoeveel tenke*)
- Rowan van Dyk – Lirieke (*Langpad Noord* en *Song vir Leante*)
- Hannes du Plessis – Poësie (*Kalahari*)

Ook genomineer:

- Chantelle van den Bergh - ATKV (5 Jaar)
- Heloise Steynberg - ATKV (5 Jaar)
- Tara van Eck - Omroeper (5 jaar)



# ATKV PLUIMPIES (volg)



*Anne-Marie Walters - Veertjie*

**Spesiale toekennings:**

- Elnatan Privaatskool – Wenner van Idiomestryd 2021
- Elsa en Anri Visser – Wenners van Idiomestryd 2021

**Oswald Rall Theart-wisseltrofee:**

Toegeken aan Andree-Jeanne Tötemeyer – Digter

Vir die eerste keer in die bestaan van die ATKV Windhoek-tak is dié trofee toegeken aan 'n digter wat uitstaande werk gelewer het. Hierdie trofee, asook 'n kontantprys, is geskenk deur Corry Theart, die eggenote van Oswald Rall Theart.

Inskrywings vir 2022 is reeds oop! Vir enige navrae, stuur gerus 'n e-pos na atkv.whk@iway.na.

**Deelname Sertifikate:**

- Yvette du Plooy – Poësie (*My Namibië*)
- Margaret Bennett – Poësie / Publikasies (*Roepstem Flenters 2*)
- Tania Erasmus – Poësie / Publikasies (*Skrywe in Digvorm* en *Breinkanker*)
- Marlene Erasmus – Prosa (*Zizzie se avonture*)
- Margaret Bennett – Sang en Lirieke (*Rol die aarde op*)
- Jacky de Klerk – Poësie (*Gebreekte glas, hoe skerp is jou kante?*)
- Margaret Bennett en Koster Cronje – Sang en Lirieke (*Woordvlegsels*)
- Tara van Eck – Prosa (6 Stories)



*Prof. Andree-Jeanne Tötemeyer - Veertjie en Oswald Rall Theart-wisseltrofee*

# ATKV PLUIMPIES (volg)

**'n Roos vir Tant Rienie**
**deur Andree-Jeanne Tötemeyer**

(Uit *Kaalvoet in reën*)

Ek moet jou iets eienaardigs vertel:

My oupa klim boom om mense te bel!

Ons huis het sowaar geen selfoonontvangs

maar bo in 'n boom kan jy praat op jou sel.

Ek hoor by die groot boom daar langs die brug

my oupa se stem kom bo uit die lug.

Ek kyk oral rond, ek kon niks sien nie,

maar ek hoor hom sê: "Goeie môre, Rienie."

Haai! Oupa bel waarlik vir mooi tannie Rienie,

dit raak mos nou regtigwaar interessant!

Hy nooi haar glad vir koffie môre,

en 'n lang ruk gesels hulle land en sand.

Ek sluip stil-stil weg ... Afluister is lelik

en knip in die tuin 'n bloedrooi roos.

Toe Oupa daar kom, sê ek: "Vir tannie Rienie!"

Toe moes jy net sien hoe my oupa kan bloos!




*Plaas jou bestelling vir "Kaalvoet in die reën" by admin@netwerk-na.org*

# ATKV IDIOMESTRYD

Die ATKV Idiomestryd was weereens 'n massiewe sukses! Baie dankie aan ieder en elk wat dit vir 2021 moontlik gemaak het (Bank Windhoek, Nictus, ATKV en Hartklop FM) En die wenners is... Anri en Elsa Visser van Elnatan Privaatskool! Welgedaan! Baie geluk ook aan Esmé Steenkamp en Annemarie du Toit van Gobabis Gimnasium. Saam lééf ons in Afrikaans.

Die span van Elnatan Privaatskool het kontantpryse en die wisseltrofee gewen, terwyl die naaswenners kontantpryse ontvang het. Die wenspan, wat graad 12-leerders is, het die geleentheid gebruik om die organiseerders te bedank terwyl hulle afskeid neem van die kompetisie. Die duo sal volgende jaar verdere studies aan die Universiteit van Namibië begin.

Die voorsitter van die ATKV se Windhoek-tak, Leoni van Rensburg, het gesê die Covid-19-pandemie het hul beplanning en voorbereidings ontwrig. "Ons het in totaal twaalf spanne gehad, en met die uitstel van die datums moes twee spanne onttrek weens regeringsbeperkings op byeenkomste en streeksreise. Ons is egter dankbaar dat die finale kompetisie kan plaasvind," het sy gesê.

Meer as 1 300 leerders van regoor die land het aan die Bank Windhoek ATKV se Idiome-kompetisie, tans in sy 22ste jaar, deelgeneem. Die kompetisie stel leerders in staat om mededingende skole in verskillende kategorieë uit te daag, Afrikaanse idiome te voltooi, betekenisse te gee en nuwe idiome te vorm met sleutelwoorde en 'n "vinnige-vuur"-afdeling.

Dr. Dolores Wolfaardt van die Universiteit van Namibië het vir die eerste keer die idiome-kompetisie aan onderwysers bekend gestel om die Afrikaanse taal aan leerders te bevorder en hulself vertroud te maak met die uitdrukkings daarvan. Ter voorbereiding vir die kompetisie maak skole gebruik van verskeie boeke en die internet vir leermateriaal. "Ons hoop dat skole gewoond sal raak aan die nuwe normaal en sal begin voorberei om aan die 2022 idiome-kompetisie deel te neem," sê Van Rensburg.


Sekondêre skole kan reeds spanne inskryf in Januarie 2022 by atkv.whk@iway.na.



# GESKIEDENIS VAN JUKSKEI

Die eerste georganiseerde jukskeiwedstryd in Suid-Afrika is op 4 November 1939 tussen die Klein Drakenstein en die KWV-spanne beslis. Op 25 November 1939 is die eerste bekerwedstryd tussen agt laers gespeel. Van hierdie beskeie begin af het die spel gegroei tot die amptelike stigting van die SA Jukskeiraad op 25 Oktober 1940 in die Koffiehuis, Bloemfontein, waar die grondwet en die spelreëls aanvaar is.

Die eerste nie-amptelike provinsiale kragmeting is op 2 Maart 1940 in Port Elizabeth gehou tussen die Oos-Kaaplandse Amateur-Boeresportbond en die Vrystaat. Van die stigting van die eerste bond, die Vrystaat op 9 Desember 1939, het die spel so dramaties ingeslaan dat daar in 1979 22 bonde was afgesien van die Rhodesiese Jukskeiraad en die Jukskei Association of the USA.




Die oorspronklike pen was die skei in die juk van die hotvooros wat 'n langer kop en lengte gehad het as al die ander skeie van die res van 'n span osse. Deesdae is die pen rond, staan 50mm onder die sand en 460mm bokant die oppervlak daarvan. Die skei se evolusie het van die ou bottelskei, die was-skei, die driekantige en dubbelskei, en die koekroller ontwikkel tot die ronde komposisie-(rubber)-skei en 'n houthandvatsel met 'n maksimum- en minimumlengte van 460 en 300mm.

Dit is 'n sosiale en 'n gesinspel. Sy grootste bydrae is sy verryking van ons taal. Uitdrukkings soos "die wa is in die drif", "klim in die boom" (sodat almal jou kan sien as gevolg van 'n besondere prestasie); en die behoud van begrippe soos "skof", "trek", "juk", "skei", "touleier" en "briekaandraai" het deur jukskei in die volksmond behoue gebly.

*Bron: VandagindieGeskiedenis - FAK*




*Koning George VI van Brittanje speel jukskei op sy besoek aan Suid-Afrika in 1947*

# VORIES GAAN GROOT VIR RENOSTERS

Die Voortrekkers vier vanjaar hul 90ste bestaansjaar, 2021 se tema "Voortrekkers GAAN GROOT" in gedagte. Die Namibiërs het daarom besluit om hul eie Desert Dash span in te skryf, ... vir die Renosters!

Die Voortrekkers is, onder andere, 'n instansie om leierskap en 'n diensbaarheid onder die jeug aan te kweek, sowel as 'n liefde vir die natuur en die wil om dit te beskerm. Aangesien daar nie vanjaar 'n groot publieke viering vir die 90ste verjaarsdag kon wees nie, het ons dit goed gedink om ons eie Desert Dash span in te skryf wat ongeveer 500 Voortrekkerlede in hul harte sal saamdra. Die ryers sluit in Lieuwke Hepkema, Beatrix Turner, Ruben Smith en Edrich Gerber. Hulle gaan die 393 km tussen Windhoek al die pad tot by Swakopmund in onder 24 uur aanpak.

Hierdie vier ryers trap nie net fiets vir genot nie – hulle ry vir die Renoster-beskermingsprojek wat aan die begin van die jaar geloods is. Die Verkenners (Gr. 8-12) was bevoorreg om vanjaar op 'n Renoster-bewaringskamp te gaan en te besef watter groot geldelike uitgawe dit is om net een renoster te onthoring. Dit kos ongeveer N$21,000 per renoster. Die horing word verwyder om te keer dat die renoster gejag en geslag word. Enige nodige inentings word dan sommer ook gedoen terwyl die renoster onder narkose is. Hierdie duur proses word elke 3 jaar herhaal weens die horing wat so vinnig groei. Die Voortrekkers het vir hulleself 'n doelwit van N$50 000 gestel om vir hierdie broodnodige projek in te samel.



*V.l.n.r.: Beatrix Turner, Hanli Jacobs (afrigter), Ruben Smith, Lieuwke Hepkema*

*Inlas: Edrich Gerber*

# VORIES GAAN GROOT (volg)

Om verder tot die fondsinsameling by te dra, word die Renoster Voortrekkerfietsryhemde teen N$600 elk verkoop. 20% van die wins word geskenk aan die renosterbeskermings-projek. Die res van die gelde gaan om Voortrekkerkampe vir alle lede meer bekostigbaar te maak. Ons nooi die publiek uit om saam met ons die hemde te dra en GROOT te gaan vir RENOSTERS.

Skenkings kan gedoen word aan Die Voortrekkers vir die projek of ons jeugfonds:

- Bank Windhoek
- Kudu (482172)
- 1028151801

Gebruik verwysing: 90/Rhino asb.

Bestellings van die hemde kan gedoen word by Elmine McCarthy:

- elminemccarthy@gmail.com of
- +264 81 237 0350.

Kindergroottes is ook beskikbaar volgens ouderdomme.









# DIE NAMIB SKRYF

**AFRIKA – ENGELA SMIT**

uit jou keel storm
duisende liters water voort
op jou banke was
vrouens moedig die week
se wasgoed in die helder
rivier water by Nkurekuru
daar waar krokodil
soos 'n hond met klippe
weggejaag word
en Afrika seuns
hul lyne in die water laat lê
tot sonsopkoms
in die hoop dat 'n vis
aan die punt daarvan
hul mae later die dag sal vul
gee vir my jou sonskyn
Afrika
jou beeste en al jou
hout- of kleihuisies
kindwagter wat
bok en bees aanjaag
mielielande
getuig van 'n boer se sweet
sny
ploeg
saai
besproei
groei
Afrika
uit jou boesem kom
vele te voorskyn
oor jou riviere
sweef visarende
in jou donker waters
lê krokodil en seekoeie
langs mekaar
jou dag geverf in skakerings
van oranje en bruine
terwyl die blou van die hemel
aankondig dat dit mag reën
soepel kronkel jou riviere
tussen lande
loop jy vol van kant tot kant
bring vir my 'n stukkie
Afrika
waar zebras se strepe
nooit ooreenstem
en koning leeu
sy gesag afdwing
olifante nie skroom
om hul pad te vind
Afrika
vir jou
verruil ek
vir niks anders nie

*(Vir meer Namibiese gedigte, besoek "Die Namib Skryf" op Facebook, of hul webblad: www.namibskryf.com)*

## IDIOOM




## TAALWENK



# RESEP - "NET KOFFIE" SE SJOKOLADE-STAAF

Net Koffie se sjokoladekoffiestaaf met donker sjokolade en vingerbeskuitjies is eenvoudig genoeg dat die kleinspan ook 'n hand kan bysit.

**Bestanddele:**



- 360 g goeie gehalte donker sjokolade
- 80 g ongesoute botter
- 1 blik kondensmelk
- ⅓ k kakao
- 20 ml espresso
- 10 g gemaalde koffie
- 250 g Scotts-vingerbeskuitjies
- ekstra 40 g donker sjokolade
- lekkers vir versiering, bv. Smarties
- ekstra kakao om oor te sif

**Wenk:**

Hierdie resep sal in enige 26 x 8 x 4,5 cm pannetjie of in 'n 20 x 10 x 7 cm broodpannetjie werk.

**Instruksies:**

1. Smeer die pannetjie en voer met bakpapier uit.
2. Breek die sjokolade, sit dit in 'n kastrol en smelt oor lae hitte.
3. Voeg die botter, kondensmelk en kakao by en meng goed.
4. Voeg dan die espresso en gemaalde koffie by en meng weer goed. Sodra alles gesmelt en gemeng is, skakel jy die hitte af.
5. Breek die vingerbeskuitjies grof en voeg dit by jou sjokolade-koffiemengsel. (Jy kan dit in 'n plastieksakkie plaas en met 'n rolstok slaan.)
6. Skep in die pannetjie, druk goed vas en maak gelyk bo-op.
7. Pak dan 'n laag koekies wat nou 'n bolaag in die pannetjie vorm, maar eintlik die kors gaan wees wanneer jy hom omkeer.
8. Verkoel in yskas vir ten minste 4 uur tot goed gestol.
9. Haal uit en sit op 'n opdienbord.
10. Sit die ekstra sjokolade in 'n mikrogolfbakkie en smelt 50%. Gebruik die gesmelte sjokolade en lekkers om die sjokoladestaaf mee te versier.

*Hierdie resep is in episode sewe van Net Koffie met Henriëtte Marx gemaak. Dit is met vergunning van kykNET gepubliseer. Vir meer inligting oor die program, besoek kykNET se webwerf. (Bron: Maroela Media)*

# KALENDER: GELOFTEDAG












# GELOFTEFEESTE: NAMIBIë

| PLEK | DATUM | PROGRAM | KONTAK |
|---|---|---|---|
| Windhoek, Hervormde Kerk, Fidel Castrostraat | 16 Desember 18:30 | Geloftediens. Ligte ete. Volkspele en samesang. | Ds Koos le Roux 0813539619<br><br>Susan Brits 0852286509, susanbrits31@gmail.com |
| Walvisbaai, Voortrekkerterrein, Sportstraat | 16 Desember 18:00 | Geloftediens | Dr. Heinrich Zwemstra 081277 7456 |
| Grootfontein, Veldduin Geloftefeesterrein | 15-16 Desember | 15 Des.: Kamp, sport, stories<br><br>16 Des.: Geloftediens en feesrede | Marietjie Otto 0812313336<br><br>Jaco Robberts 0812601567 |
| Okahandja, Gereformeerde Kerk | 16 Desember om 18:00 | Geloftediens | Dr. De Klerk 0812102866 |
| Mariental, Plaas Galloway op die Kalkplato (210km vanaf Mariental) | 16 Desember | Geloftediens<br><br>Ete | Lindie Wiesner 0812936984 |
| Koës, NG kerk | 16 Desember om 18:00 | Geloftediens, potjiekos daarna. | Corlia Labuschagne - 081 219 8492 |
| Hentiesbaai, NG Kerk | 16 Desember om 9:00 | Geloftediens | Botha du Plessis 0812028055 |
| Gobabis, Sandveld Geloftefees, by Summerdown | 16 Desember om 10:00 | Geloftediens en feesrede | Ina Steyn 0812286381 |
| Gobabis. Hochfeld area, Plaas Daylight | 16 Desember | 08:30 Aanmeld by Gedenknaald<br><br>09:00 Erediens en feesrede. Speletjies en kuier daarna. | Maryna van Schalkwyk 0813251177 |
| Stampriet, NG kerk | 16 Desember om 9:00 | Geloftediens | Marthinus Snyman 0813033645 |

